

gelykbetekenende Afr. Omdat die persone wat hier hoort, nog uiters seldsaam is, kan hul invloed baie min uitrig; dit is veral dié in die tweede stadium wat hulle eie taalgebruik -ismeseer.

GRADE VAN UITLANDSHEID.

Hoewel die verskeidenheid wat hom by die taalvermenging voordoën, oneindig is, kan ons gerieflikheidshalwe vier klasse onderskei:

- (a) *Vreemde-woorde*, wat on-Afr. lyk en as on-Afr. erken word;
- (b) *Leenwoorde*, wat on-Afr. lyk, en soms as on-Afr. erken word;
- (c) *Basters*, wat Afr. lyk, al lyk hulle soms ook op Eng.;
- (d) *ISMES*, wat Afr. lyk, en on-Eng.

Die eerste twee klasse raak eintlik nie die wese van die taal nie: hulle hoort by die woordeskat tuis, en maak Afr. nie minder Afr. nie. Veel intiemer aanraking tussen die twee gemeenskappe is nodig as voorwaarde vir die totstand-kom van (c) en (d). By (a) en (b) enersyds en (c) en (d) andersyds is die verskil nie in wese nie, maar in graad; tussen die twee hoofgroepe is daar egter 'n wesensverskil.

(a) VREEMDE-WOORDE.

Die vreemde-woord is eintlik 'n aanhaling, wat in die skrif deur aanhalingstekens, kursiefletter of onderstreping aangedui word, en in die spreektaal deur 'n verandering in die toonhoogte; so bv. Die skool het baie *esprit de corps*; Ja, "the child is father of the man," soos die Engelsman sê; Ek het so 'n *shock* gekry toe . . .; ens. Soos die laaste voorbeeld aandui, kan dit maklik gebeur dat deur veelvuldige aanraking met die vreemde-woord die individu so gewoon daaraan raak, dat hy dit naderhand gebruik sonder om van die vreemde afkoms bewus te wees—dit het geword tot die vir hom natuurlike simbool vir die bepaalde beeld wat dit voorstel. Dan word dit by hom 'n leenwoord. Vreemde-woorde kan in Afr. natuurlik ook uit nie-Eng. eenhede bestaan, bv.

Latyn, Frans, Italiaans, maar soos hulle uitspraak, vorm of betekenis gewoonlik aandui, kom hulle in byna alle Europese gevalle in Afr. uit Eng. en nie direk uit dié vreemde Europese tale nie (bls. 162). Selfs vreemde-woorde word egter byna altyd, al is dit hoe min, aan die inheemse klanke aangepas; van leenwoorde is dit veel meer die geval.

(b) LEENWOORDE.

Indien by die meeste taalgebruikers van 'n bepaalde taal, 'n bepaalde vreemde-eenheid die gewone of enigste simbool vir 'n bepaalde beeld word, dan noem ons dit 'n leenwoord. Soms voel die gebruikers dit nog as vreemd, of weet hulle dat dit van vreemde afkoms is, maar in baie of die meeste gevalle is die behoeftes en beelde wat deur die konkrete realiteit rondom hulle geskep is, so sterk in hul bewussyn, dat die simbool self, wat sonder dié verband dolleeg en waardeloos is, nie hul aandag trek nie; bv. 'n boer wat moet *ghrop*. Na verloop van tyd, kan slegs die deskundige talekenner nog die vreemde afkoms bespeur, bv. by Afr. *kelder*, *wyn* (uit Latyn), of by Xhosa *molweni*, *i-soyi* (Afr. môre, sooi). Die leenwoord kan op verskillende maniere ontstaan (v. bls. 12):

(1) 'n Vreemde **saak** met sy vreemde naam verskyn in die taalgebruiker se omgewing, skep 'n behoefte, en word saam met die naam 'n deel van die taalgebruiker se kultuurbesit; so bv. *tonnel*, *cultivator*. Die vreemde naam kan of suiwer aangeleer word, bv. *Rhodes*, *minister*, of (gewoonlik) onsuiver, bv. *Kalliedonn* (Caledon), *alpraatjies* (iron pyrites); soms word 'n bekende element uit die vreemde eenheid in die eie taal oorgesit (of deur vertaling of deur beeld-omsetting) terwyl die onbekende gedeelte behou word, bv. *kidleer*, *kondensmelk*, *slopemmer*, *junior*klerk, *hors*sweep.¹ Indien egter (i) die vreemde naam nie saam met die saak vir die individu stimuleer en dus g'n gekondisioneerde refleks kan skep nie, maak die saak-ontlener voorsiening in sy nuwe taalbehoefte deur 'n eie eenheid te skep, bv. Xhosa *isitututu* (iesietoetoetoe: motorfiets), Afr. *melkkos* (semolina, ens.), *dril-dril* (jelly), *kaalperske* (nectarine) (v. bls. 104). Hierdie

¹ Dus oorgangstadium tussen leenwoord en -isme: *mix up* × *opmix* × *opmeng*.

“aanpassing” vind onbewus plaas: ’n nuwe behoefte, ’n nuwe beeld, en net die eie taalmateriaal, bv. *kool-wa*. Soms is die ooreenkoms tussen die eie saak en die nuwe saak selfs so groot, dat die eie woord met die nuwe saak in verbinding gebring word, bv. *dubbeltjie, oulap, stuiwer, oortjie, pond, daler, skelling, duim, voet, ton*. (Die *yard* in die winkel was so verskillend van die Afr. *tree* op die plaas dat die aanpassing nie kon plaasvind nie; vgl. bls. 105.) Indien (ii) die omstandighede waaronder ontleen word die ontlener (tereg of ten onregte) laat voel dat hy en sy gemeenskap deur die ander geminag en benadeel word, ontstaan ’n verset wat hom in die doelbewuste aanpassing van die nuwe sake en woorde by sy eie taal openbaar; dit word gewoonlik *leenvertaling* genoem; bv. *plug: vonkprop, showerbath: stortbad*. Gewoonlik is dit ’n veel latere verskynsel as die onbewuste “aanpassing”; altwee kan ons saamvat as “leenbegrippe”.

(2) ’n Bekende **saak** met ’n vreemde naam verskyn en word soos (1) ’n deel van die individu se omgewing. Dit kan daaraan te wyte wees dat die saak nie orals al bekend was nie, bv. *blackboard*, of dat die (miskien toevallige) assosiasies van die saak verskillend van die inheemse voorgekom het, bv. *breakfast* (oorspr. bv. stywer as *agtuur*). By hierdie laasgenoemde klas hoort ook die woorde wat oorgeneem word bloot omdat hulle, as vreemde woorde, om die een of ander rede, ’n doeltreffender simbool vir die beeld vorm, bv. ’n *nice kêrel* (heerlik vaag!), ’n *wedding* (prestige en vernaamheid). Belangrik is hier ook die besparingsbeginsel (met so min inspanning soos moontlik moet die bevrediging bereik word): die vreemde taal het miskien een woord of ’n kort woord vir ’n beeld waarvoor die eie taal meer as een woord of ’n lang woord moet gebruik, bv. *teach* teenoor *skoolhou* (v. egter 212). Verder word die doeltreffendheid van die bevrediging verhoog deur die aanskoulikheid van die simbool (klank, metafora, ens.), bv. die Eng. vloekwoorde.

(3) ’n Vreemde **begrip** met ’n vreemde naam word oorgeneem, bv. *endowment policy, bonus, stylish, particular* (v. bls. 9).

(4) ’n Bekende **begrip** met ’n vreemde naam word oorgeneem, bv. *like*. Ook hier geld die faktore wat by (2) van krag is.

(c) BASTERS.

Die verskil tussen vreemde- en leenwoorde enersyds en basters en -ismes andersyds bestaan daarin dat die taalgebruiker in die laasgenoemde geval, gewoonlik bewus maar soms onbewus, die vreemde simbole vervang deur simbole uit sy eie taal, sodat die deur 'n vreemde simbool geskepte of beïnvloede beeld in oënskynlik suiwer eie-simbole weergegee word. Hier moet 'n noodsaaklike onderskeid gemaak word tussen *sielkundige -ismes* (basters is ook -ismes), wat in die geval van die besondere individuele taalgebruiker sy ontstaan aan vreemde invloed te danke het, maar nie bewys kan word nie, bv. *Hierdie soort van politiek* leen hom tot *allerhande knoeriery*; *sessie, resoluëie, adekwaat*; en *bewysbare -ismes*, waar taalkundige gegewens die vreemde oorsprong aantoon, bv. *Hy vat agter sy pa*. E. C. Pienaar (178) noem bv. 'n hele reeks -ismes wat ongetwyfeld sielkundige -ismes maar nie bewysbare -ismes is nie, bv. *koöperasie, spesialis, eleksie, parlement*. Dit is duidelik dat 'n simbool wat by een persoon onder vreemde invloed ontstaan het, by 'n ander suiwer kan wees; bv. 'n Hollander wat in S.-Afrika kom woon en in sy Afr. woorde soos Nedl. *Bolsjewiek, privaat-, informeer, spesialis* gebruik; of 'n Afrikaner wat in Nederland studeer het; of (die gewoonste geval) 'n nie-Engelskundige Afrikaner wat 'n -ismiese simbool uit die tweede hand aanleer: hierdie laaste soort simbool kan ons *logiese of historiese -ismes* noem, bv. *miníster, senator*, by die meeste mense vandag. Hierdie verskille is van die grootste belang omdat hulle op die geesteslewe van die individu gegrond is: logiese -ismes is selde sielkundige -ismes, maar gewoonlik bewysbare -ismes, en sielkundige -ismes is heel dikwels nie bewysbare -ismes nie (bv. by die Afrikaner wat basterwoorde vermy omdat hy hulle as Eng. voel, of wat die, uit wetenskaplike oogpunt oorgeërfde, woorde *booi, kotter, treiler*, ens. hoor en hulle as -ismes beskou.) Dit is altyd die individu se opvatting wat die saak vir hom beklank: voel hy dit as on-eie en benadeel dit sy eiewaardigheidsbesef, dan eers word die -isme 'n vraagstuk van praktiese belang.

Basterismes is dus oënskynlike nie-Eng. basterwoorde wat by 'n bepaalde individu onder invloed van Eng. ontstaan

het, of deur Eng. beïnvloed is, of as sodanig beskou word. Gewoonlik is sy vreemde bevrugting taalkundig-bewysbaar alleen as die Nedl. in die een of die ander opsig van die Afr. verskil :

(1) Die simbool bestaan in Nedl., maar sy betekenis (beeld) is Eng., bv. *prominent, konstabel*.

(2) Die simbool bestaan in Nedl., maar sy verstoffliking is Eng., bv. *promminnent* (Nedl. proomienent—klanke), en *authoriteit* (Nedl. autoriteit—spelling).

(3) Die simbool bestaan in Nedl. maar sy verbuiging is Eng., bv. 'n *populêr kêrel*.

(4) Die simbool het nog nooit in Nedl. bestaan nie, maar bestaan wel in Eng., bv. *diskusseer, denominasioneel*. ('n Simbool soos *prisonier* het vroeër in Nedl. bestaan, en is dus nie 'n bewysbare -isme nie.)

Soms, deur die historiese gegewens na te gaan, kan die vreemde bevrugting ook by taalkundig-onbewysbare -ismes aangetoon word; vgl. bls. 32, en *pas* (bergpad), *senaat, premier*—hulle is logiese -ismes, oorspr. gedwonge plaasvervangers van vreemde eenhede.

(d) ISMES.

Soos die baster teenoor die gewone leenwoord, lyk die -isme on-Eng. en eie. Hierin bestaan dus die groter gevaar van basters en -ismes teenoor leenwoorde—die Afrikaners self is onkundig van dië Eng. bevrugting. So sê mej. A: "Ek like darem nie daardie Williams-kêrel nie"; en ernstig antwoord mej. B: "As ek jy is, sal ek nie *like* sê nie, maar *lyk*. As mens Afr. wil praat, dan moet mens tog Afr. reg praat." Die -isme kan of 'n woord -isme of 'n beeld -isme wees; d.w.s. of die gevolg van 'n bewuste vertaling, bv. *eksamenpapier*; *Tussen die hand en die mond val die pap op die grond* (There's many a slip . . .); *Plesier is soos 'n jong komkommer . . .* (Pleasures are like poppies spread . . .); of die gevolg van 'n onbewuste beeldomsetting, bv. *So gou soos jy sê mes*; *As ons in hierdie opsig sondig, is ons in goeie geselskap* (D. F. du T. Malherbe, Tydskr. IX, 1), *Loodneus-koeël* (Wdb. by *dum-dum*, i.p.v. *loodpunt*). Verder onderverdeling is moontlik maar van weinig nut. Wat hulle

analogiese invloed op ander taaleenhede betref, bestaan daar meer waarskynlikheid dat 'n dikwels herhaalde -isme, of 'n -isme wat met eie taaleenhede in vorm of inhoud (of altwee) ooreenkoms vertoon, sy invloed sal uitbrei; bv. *maak* ('n lewe, applikasie, geld), *lyn* (in my lyn, langs hierdie lyne, lyne van 'n vers)—herhaalde -ismes; en *boelie*, *rof*, *stop*, *lot*, *boy*, *-self*, *die ander dag*, *'n kans staan*, *siekverlof*—aansluitende -ismes. Die aansluitende -ismes is nog moeiliker uit te ken as die ander -ismes; soms bestaan die vreemde invloed bloot daarin dat 'n bepaalde taaleenheid meer as tevore, of uitsluitlik gebruik word, bv. *Wat het ek met jou te doen?* (vroeër naas: *Wat het ek met jou te maak?*), *organiseer* (op tousit), *sukses*, *skaal* (op groot skaal begin: Afr. groot begin), *idee*, *kans*, *neerskrywe*, *koepon* (ipv. alternatief *bon*), *meen* (ipv. *bedoel*), *bed* (ipv. ou-Afr. *kooi*). Soms was 'n taaleenheid aan die sterwe en is hy deur die voorbeeld van 'n kragtige Engelsman wat op hom lyk met nuwe krag besiel; was hy al heeltemal dood (al was dit net 'n paar jaar), en word vandag 'n ooreenstemmende eenheid gebruik, dan kan mens dit nie as 'n herlewing van die oue beskou nie, maar as 'n blote -isme (of leenwoord, bv. *train*).

Die verskillende soorte vreemde invloed kan soos volg toegelig word:

- (1) *Vreemde-woord*: politics—te ongebruiklik in Afr. om as 'n
- (2) *Leenwoord* beskou te word;
- (3) *Baster*: pöllittiek, pollittiek, politiek;
- (4) *ISME*: moddergooiery.

-Ismiete. Wie is nou in bepaalde gevalle verantwoordelik vir die totstandkom van die -isme, die Afr.-sprekende Engelsman, of die Eng.-sprekende Afrikaner? (V. bls. 16.) In verreweg die meeste gevalle kan ons dié vraag nie beantwoord nie, en in die toekoms sal ons dit al minder kan doen. By: "Hy hardloop die boardinghuis," e.d.m., is dit duidelik dat dit 'n Engelsman was wat Afr. wou praat: 'n Afrikaner sou nooit hierdie sinne voortbring het nie, omdat hulle vir sy mede-Afrikaners (aan wie hy sy behoeftes moet meedeel) onverstaanbaar sou wees; buitendien is daar g'n besondere

beeld in die Eng. uitdrukkings vervat wat kon omgesit word nie—hulle is woordelike vertalings. Daarenteen by 'n sin soos: “Ek het maar net jou been getrek,” kon dit 'n Afrikaner wees wat die deur Eng. geskepte beeld (en nie die Eng. simbool nie) in Afr. uitgedruk het, alhoewel dit natuurlik vir sy Afr. hoorders taamlik duister sou wees tensy die verband aantoon wat hy bedoel. Hoe meer die Afrikaners Eng. ken, hoe minder gevaar bestaan daar dat dgl. beeldomsettings vir die omsetter se hoorders of lesers onverstaanbaar sal wees; bv. die Afr. van “A penny for your thoughts,” of: “Ja, nou sal sy hoed vir hom weer te klein wees” (Eng. swelled head); hoe meer moontlikheid dus dat dit Afrikaners is wat dié -ismes skeep en versprei. Die vereiste is hier: of die beeld moet aanskoulik en selfverklarend wees, of die hoorder (leser) moet die vreemde taal ken; so kon “I'll throw you over the hedge with a stone” nooit in S.A.-Eng. posgevat het tensy die Eng. hoorders Afr. geken het nie,¹ terwyl “Come with” eintlik vanselfsprekend was en dus ingang kon vind. Hoe nader die -isme dus by die gevestigde taalgewoontes aansluit, hoe waarskynliker dat dit 'n Afrikaner was wat dit laat ontstaan het. Gewoonlik is die geboorte van die -isme egter in die duistere verlede verberg.

VASSTELLING VAN AFKOMS: Metodiese Grondslae.

So eie is ons dus in baie gevalle met die -isme, dat ons byna nie eens kan uitvind of hy werklik Afr. is of nie. Of hy van wetenskaplik-taalkundige standpunt 'n -isme is of nie, moet ons probeer uitvind deur die volgende maatstawwe toe te pas:

(a) UTERLIKE TOETSSTONE.

I. **Die hedendaagse Nedl.** Bestaan die eenheid nie in die Nedl. van vandag nie, dan is hy miskien 'n angl. Dit is egter metodies verkeerd om alleen dié toetssteen toe te pas: (i) Gewoonlik word alleen die Nedl. skryftaal, d.w.s. die gestileerde en gemaniëreerde algemeen beskaafde taal, vergelyk; (ii) Miskien die Nedl. “algemeen beskaafd”; (iii) Soms die Nedl. volkstaal.

¹ Ook voorbeeld van “Shoot him with a revolver,” ens.

(i) is natuurlik minder geskik nog as (ii), wat geensins die hele Nedl. taalgelykheid weerspieël nie, maar hom tot die gelykgemaakte taal van die ontwikkelde beperk. Veel beter is (iii), 'n direkte afstammeling van die 17e eeuse moeder van Afr. In die Nedl. volkstaal vind ons bv. *ken* ipv. *kan*; *na*, *da*, *bu'vrou*, ipv. *naar*, *daar*, *buurvrou*; *derék* ipv. *dierekt*; *netuurlik* ipv. *natuurlik* (almal uit "Boefje"). Ook hier is dit egter heel moontlik dat taaleenhede wat in die 17e eeuse Nedl. volkstaal bestaan het, en in die hedendaagse Nedl. volkstaal weens veranderde lewensomstandighede nie meer bestaan nie, in Afr. weens die behoud van daardie lewensomstandighede in 'n afgesonderde land, nóg bestaan, bv. *prisonier*. Die sekerste toetssteen is dus die taal wat ons Nedl. voorouers gepraat het. Afgesien hiervan, (a) bestaan daar in die hedendaagse Nedl. duisende taaleenhede waaraan weens kulturele omstandighede nooit 'n behoefte in S.-Afrika bestaan het voor die koms van die Engelse nie; so is *dekstoel*, *Latyn neem*, *die voordeel van die twyfel* suiwer in Nedl., maar -ismes in Afr.; (b) sedert die verbreking van die taalbande tussen Nedl. en Afr., het Nedl. groot aantalle Eng. uitlanders aangeneem; as hulle dus ook in Afr. voorkom, is hulle nie erfgoed nie maar anglisismes. Kortom: die hedendaagse Nedl. skryftaal is die gerieflikste maar geensins die beslissende maatstaf nie.

II. Die Nedl. van voor 1650. Die naaste wat ons aan die voormoeder van Afr. kan kom, is deur die Mnl. en 17e eeuse Nedl. geskryfte na te gaan. Ongelukkig is Mnl. Vlaams-Brabants gekleur (en staan dus nader aan Eng. as Noord-Nedl.), en het die meeste van die Afr. stamouers uit Noord- en Suid-Holland en Zeeland gekom. Teen die beskouing as sou die 17e eeuse Nedl. 'n getroue beeld van die volkstaal gee, bestaan daar ook baie besware. Bredero, die skrywer wat die naaste aan die volk staan en uitdruklik sê dat hy egte Amsterdams gebruik, skrywe bv. volgens Stoett (Moortje VIII) 'n "dooreenhaspeling van litteraire zuid-nedl. taal en spreektaal." Die ander skrywers is nog erger. Tog is die 17e eeuse Nedl. by ons taalgeleerdes 'n kwaal geword: sodra 'n taaleenheid wat in Afr. gebruik word in die een of ander geskryfte van voor circa 1650

aangetref word, is dit 'n bewys dat dié taaleenheid in Afr. suiwere erfgoed is. Groter veronagsaming van die taalgrondslae—werklik gevoelde behoeftes deur stofflike toestande geskep—sou moeilik te vind wees. Hier volg 'n paar voorbeelde (uit baie) van taaleenhede wat in Mnl. of 17e eeuse Nedl. voorkom, maar wat waar hulle af en toe in Afr. voorkom, bloedrooi angl. is: (a) *Half die see, Dat ic mi selven wart so cranc* (ek myselfe!), *binnen dit, om(me) dit, naer ditte* (na dit het ek . . .), *al die werelt, groeiën* (transit.: Ek groei graan), *handelen* (transit.: Ek handel die geweer), *Die edelre baren die meer ootmoet* (The nobler (a) bairn (is) the more reverence (it has)) (almal Mnl., vgl. bv. Stoett); *onse Stadt can Dort, in gheender manieren, ken* (ipv. weet) (almal uit “Moortje”).

Weliswaar bestaan daar interessante ooreenkomste wat wel in Afr. oorgeërf sal wees, bv. die verhoging van *ee* tot *ie*, die ontronding van *eu, uu, u* (bv. put), en *ui* tot *ei* (Moortje IX-XV), maar ons het g'n Bredero nodig om dit vir ons te wys nie—ontronding is die gevolg van die algemeenmenslike afkeer van onnodige inspanning. Die feit dat *o* met *a* met *oa* in “Moortje” afwissel, bewys geensins dat die uitspraak van die Afr. *a* as *ô* in Eng. omgewings bv. *prôt* ipv. *praat* (wat aan die uitbrei is) erfgoed is nie.

III. Die Nedl. dialekte. Die taalkundiges erken dat hierdie en dgl. besware geldig is, en voer dan aan dat ons die gebrekkige skets van die 17e eeuse volkstaal wat ons uit die letterkunde kry, deur ons kennis van die Nedl. dialekte (wat nader aan die volkstaal staan as die algem. beskaafd), moet aanvul. Weer kom ons voor allerhande moeilikhede te staan: Die Nederlanders se kennis van die 17e eeuse dialekte is hopeloos gering, van die hedendaagse dialekte onbetroubaar (die Nedl. idiotica van die een dialek berus dikwels op reeds uitgegewe idiotica van 'n ander dialek), en die Afrikaners is 'n bonte mengeling van allerhande herkoms (vgl. bv. Boshoff 223, 256). Kortom: Om 'n verdagte Afr. taaleenheid op rekening van 'n miskien onbeduidende Nedl. dialek te skuiwe net omdat dit daar aangetref word, getuig van veel minder wetenskaplike sin as om dit aan die in S.-Afrika so kragtige Eng. invloed toe te skrywe. Soos later ook aangetoon word

(Basterwoorde), is selfs die datum 1650 in die meeste gevalle te laat om die Dietsheid van 'n taaleenheid in Afr. te bewys: tensy die stoflike toestande aan die Kaap die gebruik van 'n taaleenheid wat eers na ongeveer 1600 in Nedl. geskryfte aangetref word, in die hand gewerk het, is dit nie waarskynlik dat dié taaleenheid al so diep in alle stande—van die hoër skrywerklasse tot die laer Afr. volksklasse—deurgedring het dat hy na die Kaap oorgeplaas is nie (vgl. egter Innerlike Toetsstene). Indien 'n dgl. taaleenheid in verskeie Nedl. dialekte aangetref word, word die waarskynlikheid dat dit in Afr. oorgeërf is, veel sterker; maar selfs so 'n geval kan hoogstens die moontlikheid aanneemlik maak: *agter die maaltyd, agter die dood van Christus*, ens. (d.w.s. *agter* van tyd gebruik) kom bv. in Wes-Vlaams, Antwerps, Mnl., ens. voor, maar is in Afr. nie daarom minder 'n angl. nie. Die invloed van die 17e eeuse Seemanstaal was moontlik van belang.

IV. Engels. As 'n ooreenstemmende eenheid nie in Eng. bestaan het of bestaan nie, is Eng. invloed natuurlik uitgesluit (analogiese Eng. invloed miskien nie; v. blss. 125, 154: *proponent*). Die volgende woorde, wat soms vir angl. aangesien is, kan dus al dadelik g'n angl. wees nie: *piekfyn*, *Top!* (Boshoff 136, 418), *iem. moveer*, *presumasie*, *representant* (korresp., DH 1.5.36), *booi* (vgl. DH 15.5.36, en *boy* in Dl. II), *varkblom*, *gewoond*, ens. Verder moet die ouderdom en sterkte van die Eng. eenheid in aanmerking geneem word: word die Eng. eenheid al lank en dikwels in die spreektaal gebruik, is dit waarskynliker dat dit by die hoorder 'n sterk gekondisioneerde refleks sal skep, as wanneer die Eng. eenheid selde gebruik word. So word die Eng. uitdrukking: "I'm taken up with the house" betreklik selde gehoor, sodat invloed daarvan op die dikwels gebruikte Afr. "opgenome daarmee wees" onwaarskynlik is. Soos Malherbe (73) ook aanstip, is die Afr. "nie kers vashou by iemand nie" so uitgebreid en sterk, en die Eng. "not hold a candle to someone" so seldsaam in S.-Afrika, dat invloed van die tweede op die eersgenoemde onwaarskynlik is. (Miskien 'n deur een of twee individue ontstane vertaling wat weens sy innerlike kenmerke by die Afrikaners ingeslaan het?)

V. Opname in vreemde tale. Bv. Sotho *makaplane* (maak 'n plan), Xhosa *ibandi* (belt).

Teenoor hierdie skriftelike bewysredes, is die

(b) INNERLIKE TOETSSTONE

van veel meer belang: 'n taaleenheid sal nie bestaan tensy die taalgebruikers behoefte daaraan het nie, en dié behoefte hang van hul stoflike ongewing af. Ons moet dus in die allereerste plek met die kultuurtoestande voor 1795 en 1806 aan die Kaap rekening hou as ons wil bepaal wat Eng. en wat oorgeërfde Afr. is. Hierdie toestande kan ons dikwels deur middel van ou reisbeskrywings rekonstrueer; maar uit die aard van die saak gee hulle nie 'n volledige weergawe van al die duisende besonderheidjies wat die daaglikse lewe uitmaak en waarmee taaleenhede samehang nie—hier moet dié Afr. gemeenskap wat vandag die minste deur die Eng. kultuur beïnvloed is, vir ons te hulp kom, nl. die Boeregemeenskap. Hul kulturele toestande kan dié van voor 1806 suggereer, en hulle Afr. dié van voor 1806.

I. Boere-Afrikaans. Reeds in die ou dae was daar 'n merkbare verskil tussen die geslote gemeenskappie Kaapstad en die boere wat wyd en syd oor die binnelande versprei was. Die Afr. van die boere het die eintlike Afr. volkstaal geword—ekspressief, konkreet en naïef soos alle volkstale. Grotendeels afgeskei van storende invloede (die slawe was bv. meestal in die Kaap en omstreke te vind), het dit sy Afr. kenmerke betreklik suiwer bewaar. Hier word dus aan die hand gegee dat die Boere-Afr. die belangrikste toetssteen is by die beoordeling van die afkoms van 'n verdagte eenheid: "Men and women of the people generally have a quite precise idea of their language; they sense with a rare nicety the slightest departure from its rules" (Vendryes 242). Soos Boshoff (341) sê, was die Afrikaners "'n gelykvloerse maatskappy met min of meer identieke belange tot 1807"; hulle moet dus 'n gelykvloerse woordeskat gehad het, d.w.s. alle dele van die kolonïe moet voor 1806 naastenby dieselfde taaleenhede besit het. Het daar dus na 1806 verskille in die woordeskat van die verskillende streke ontwikkel, en stem dié verskille ooreen met die mate van Eng. invloed in

dié streke, dan moet hulle aan Eng. toegeskrywe word (bv. "Franse" basterwoorde). Kom 'n taaleenheid wat verdag lyk daarenteen in die Boere-Afr. voor, is Eng. invloed baie onwaarskynlik, en as die *Uiterlike Toetsstene* die Boere-taaleenheid steun, is Eng. invloed so goed as uitgeskakel, bv. *agter die skape kyk*: algemene Boere-Afr., sowel as Wesvlaams, soms 17e eeuse Nedl., en bowendien 'n realistiese taaleenheid; of: *die anders het nie gekom nie* (analogiese uitbreiding van die mv. -s, vgl. *Dies wat so sê*), 'n *sny brood* (teenoor: 'n *haarsny by die barbier*). Ook in die Afr. van die Boere-gemeenskap het Eng. egter sy invloed laat geld, bv. *Soos jy sê mes, ghries, ek wonder*. Die omstandigheid dat iemand g'n Eng. ken nie, is dan ook g'n bewys dat hy van Eng. "smette" vry is nie (vgl. bls. 13, b).

Wat die skryf- en soms die spreektaal betref, is dit moontlik dat eenhede wat nie in die Boere-Afr. bestaan nie, die gevolg van skriftelike of mondelinge aanraking van die gebruiker met Nedl. (of ander nie-Eng. tale) kan wees; hier kom die *Uiterlike Toetsstene* van pas (o.a. vergelyking met die bepaalde taal wat die gebruiker van die eenheid waarskynlik beïnvloed het, bv. Duits); so skrywe D. F. Malherbe (Spreekwdb. 13): "Op die terrein van universiteit en sentraliserende skole kom 'n mag van streekuitdrukkinge ongemerk in die breë stroom OM meegevoer te word tot 'n ruimer lewensbestaan"; 'n gebruik van die onbepaalde wyse wat in Afr. gewoonlik aan Eng. invloed toegeskrywe moet word, maar wat hier waarskynlik aan Malherbe se Duitse taalkennis te wyte is.—Dit spreek vanself dat dgl. gevalle betreklik selde voorkom, en dan tot die skryftaal of eng-omskrewe taalkring beperk bly.

As ons dus beweer dat die Boere-Afr. gewoonlik beslissend is, dat die Boere-taalgevoel (hoe *voel* hulle 'n sekere woord— as eie of vreemd? bv. *volmink* × *flamingo*) die beste toetssteen is, dan sluit ons nie ons oë vir die gevare of die ander toetsstene nie, maar sou hulle as volg na rang van hul geldigheid groepeer:

II. Materiële Kultuur. Indien die kultuurtoestande verander, verander die taal ook; die bloot toevallige vermelding van 'n taaleenheid in 'n letterkundige stuk bewys dus baie min omtrent die kultuur of sy latere ontwikkeling

(vgl. bv. Boshoff 217—woorde vroeër vermeld maar nou verdwyn). Meer nog: die 17e eeue het miskien 'n taaleenheid gebruik wat gans iets anders aandui as “dieselfde” taaleenheid vandag. Ons moet dus probeer vasstel: Hoe het die behoefte aan die taaleenheid ontstaan? Wanneer het dié behoefte ontstaan? In watter sosiale of lokale kring het dit die eerste ontstaan? So kom ons tot die

III. Gebruiksfeer van die taaleenheid: Is dit 'n gebied waarop die Eng. invloed hom sterk laat geld het? Is die meeste ander taaleenhede op dié gebied van Eng. afkoms? So is *tjap* (in die sin: briewe stempel) 'n ontlening uit S.A.-Eng. en nie 'n ontwikkeling van die 17e eeuse *sjappen* nie, omdat sy gebruiksfeer Eng. is—die poskantoor—sowel as omdat hy eers na die invoering van die Eng. poswese in S.-Afrika gebruiklik geword het (in elke geval wat die Boland, wat heel eerste die pos gehad het, betref). Eweneens (*motor*)*drywer*, *chauffeur*, *garage* (trots hul Fr. voorkome) naas *moutir*, *kar* (car), *petril*, *start*, ens.; *proefessir*, *Latyn* (*op*)*neem*, naas *kollege*, *notes*, *fail*, ens.; *park*, *pas* (bergpad), *trein*, *konstabel*, naas *bandstand*, *quarry*, *engine*, *poliesman*, ens. Soms het 'n ou woord in Afr. net sekere gebruiksfeer gehad, bv. *kompleet*, *publiek*, en het buite dié gebruiksfeer nooit of nie meer bestaan nie; buitekant dié sfeer is dit dus 'n angl., veral as die nuwe sfeer boonop anglisisties is, bv. 'n *komplete uitrusting*, 'n *publieke skool*.

IV. Gevoelswaarde. Van die gebruiksfeer hang die gevoelswaarde af wat die woord vir ons besit. Voel ons dit as oud of as nuut? As inheems of uitheems? bv. *dis nie die punt nie*, 'n *vodjie papier*, *die goudstandaard*, *die werkende klas*, t.o. *dis nie ter sake nie*, *uitasem*.

V. Betekenis. As die betekenis, in ooreenstemming met die deur Eng. geskepte kultuurtoestande, van die Nedl. verskil, is Eng. invloed waarskynlik. Hier moet veral gewys word op eenhede wat deur Eng. toestande 'n metaforiese kleur gekry het, en wat dus, as hulle in Afr. bestaan, -ismes is, bv. alle figuurlike woorde en uitdrukkings ontleen aan die sport, regeringstelsel, industrie, ens. (bv. *stoom afblaas*, *veiligheidsklep*).

VI. Opname in Afr. eenhede. Die opname van 'n taaleenheid in 'n groter inheemse eenheid lewer nie bewys van suiwer afkoms nie; bv. *kakiebos*, *garagedeur*, *opmix*; *dis laaste sien van die blikkantien, dit gaan orrelstryk* (ôraaitstryk). (Idiome.) Hoe meer 'n kultuureenheid en dus sy simbool (die taaleenheid) gebruik word, hoe makliker word hy met allerhande ander eenhede verbind.

VII. Klank- en vormveranderings. So ook bewys verafrikaansing van klank en vorm, bv. by *kôstárwel*, *nôsiés*, *trippês*, *sikspês*, *ek het die motortjie daar gepark*, nie dat dit suiwer of oud is nie, maar gebruikliker of ongeletterder (bv. kleurlinge). Vertoon 'n reeds verdagte woord daarenteen klank- of vormverandering in die rigting van die vreemde en weg van die reëlmatige eie, word vreemde invloed sekerder, bv. *tjap*, wat die on-Afr. *tj* nie klankwettig uit *sjappen* kon ontwikkel het nie (miskien Maleise invloed, vgl. bv. *djy is mal*?).

Laat ons nou hierdie maatstawwe by 'n reeks woorde toets (vgl. bls. 108):

Aptyt (Boshoff 110, 144): Suiwer Boere-Afr.: ons voorouers (ons ook) het gehou van lekker eet; voel Afr.; indien uit Eng., sou die klemtoon op *ap*- val, die vorm *appe*- wees (te jonk om die *e* te verloor), en die uitgang *-tiet* soos *Israelite* × *Israeliet*: *-yt* is uiters seldsaam: *profyt*. Was die *-tyt* 'n bewuste omskepping (analog. van bv. *pipe*, *mine* × *pyp*, *myn*) van die Eng., sou dit slegs in baie beperkte kring gebruiklik wees.

Affère (144): Eng. gebruik sfeer en betekenis, bv. *Ek is moeg vir die hele affère* (v. Dl. II: *besigheid*).

Banana (185, 191, 192): Soos in die geval van *mango*, *pynappel* (192, 194) en *paw-paw*, moet nie uit die oog verloor word dat die kultuurtoestande van sodanige aard was dat die bestaan van hierdie benamings in S.-Afrika voor die kolonisering van Natal (naaste half-tropiese land), en meer nog: voor die vestiging van vinnige verkeersmiddels, feitlik onmoontlik was: die goed sou vrot wees en te duur kos as hulle hul mark bereik. Selfs al het hulle Kaapstad bereik, sou dit heeltemal onmoontlik geblyk het om hulle verder na die binneland te vervoer. Vandag nog, tenspyte van koeltroks, gaan dit moeilik om vrugte te vervoer. Moontlik het die Voortrekkers in Natal die sake leer ken, en die name na die O.V.S. en Tvl. saamgeneem—maar die trekkers het uit dele gekom wat die vrugte nie voortbring nie (O. Prov.), en wat ver van die see (vervoermiddels) was, sodat, selfs al het die woorde nog in die Kaapstad voortgelewe, die behoefte daaraan by hulle nie meer bestaan het nie. Miskien

ook het Vrystaters en Transvalers op die grense van Natal en Port. O.-Afrika die vrugte geken, maar ook daar sou die vervoer moeilikheid opgelewer het. Wat ook al die toestande daar was, in die Boland is bananas, mangos, en pynappels nuwe invoerartikels; pynappels was dus aan die begin bekend as *pineapples*, en mangos vandag nog as *menghous* wat in ingevoerde *keffies* te koop aangebied word. Daarenteen is die loekwart, koejawel en grenadella in die Boland baie ou vrugte bestand teen die koue van die Suide en selde in keffies verkoop (v. Dl. II).

Bazaar (208): (v. Dl. II); ook mv. bazáárs.

Dam (281): Boere-Afr.; gebruiksfeer; natuurlike betekenisontwikkeling (van "damwal" na die water) in droë S.-Afrika; ook Franck 105: In sommige Noord- en Wes-Germ. dialekte het dit die Afr. betekenis.

Deel (244): Eng. gebruiksfeer (kaarte)—vgl. *shuffle*, *trumps*, *duiwel se prenteboek* (Skots), *brug*.

Dessert (147): Eng. gebruiksfeer, en gewoonlik self ook nuwe ingevoerde idee.

Dribbel (298): My bekend net in verband met voetbal (gebruiksfeer Eng.); selfs al het hy miskien vroeër in Afr. bestaan (wat te betwyfel is—die boere dribbel nie), is hy vandag by die meeste Afrikaners 'n sielkundige of logiese ontlening. V. Dl. II.

Hostel, Hotel (147 vlgg.): Gebruiksfeer Eng.; v. Dl. II.

Kaboedel (113 vlgg.): v. Dl. II; waarskynlik Amer. slang (myne).

Kerrie (211): Boere-Afr.; *curry* sou in Afr. *korrie* word (soos *Morrie*).

Kyk (262): " agter die skape: Boere-Afr.; selfs al was dit nie erfgoed nie, kon dit Afr. eiegoed wees (beeld van skawagter agter skape, slaaf agter kinders, ens.); miskien in sommige gevalle Eng. invloed deur skool, skoolmatertjies, ens.

Patent (144): nie Boere-Afr.; gebruiksfeer Eng., betekenis Eng., uitspraak gewoonlik Eng.; v. Dl. II.

Stove (110): Boshoff sê dis "gelykklinkend" met *stoof*. Met von Wielligh se verslag (Geselstaal 84) stem my gegewens heeltemal ooreen; waar *stoof* met die betekenis *stove* gehoor word, is dit (in die Boland) 'n bewuste kultuurwoord. Vgl. ook Spoelstra 71.

Teeset (260; Schonken 180): Kultuurtoestande Eng. (g'n "teesette" voor Eng. invloed nie); gebruiksfeer Eng. (v. bls. 94); *set* byna altyd Eng. (bv. *set koppies*).

Veil (110): Kultuurtoestande Eng. (mense in buitelug dra g'n *veils* nie); met die verdwyn van die Eng. *veil*-mode, verdwyn die woord ook.

Die metode van ondersoek wat hier toegepas is, bepaal hom dus by die wortel van die taaleenhede: die konkrete toestande wat die behoefte aan die saak en die woord geskep

het. Ons taalgeleerdes beskou taalvraagstukke nog te veel uit die oogpunt van die skryftaal en te min uit dié van die konkrete realiteite waarsonder die taal betekenisloos en nutteloos is en nie kan ontstaan nie ; die materiële kultuurtoestande, die gebruiksfteer, die gevoelswaarde, die betekenis, die klankwaarde, die verbuiging—al hierdie faktore moet eers in aanmerking geneem word, want hulle is van veel meer belang, ook by die wetenskaplike bepaling van die afkoms van 'n woord, as al die dialektologie wat daar bestaan. Dit spreek egter vanself dat skriftelike bronne en dialektologiese gewens nie veronagsaam moet word nie ; dis moontlik dat oorwegings wat enkel op stoflike aanduidings afgang, 'n voorstelling wat van die bepaalde omgewing geldig is as algemeen geldend sal beskou. (Dieselfde gevaar geld egter taalgegewens, en in nog groter mate.) Dit is bv. moontlik dat in die een of ander uithoek die saak en die benaming nog voortgelewe het, en dat die benaming vandaar uitgebrei het toe, deur middel van die materiële vooruitgang, die saak in groot hoeveelhede oor die land versprei kon word, bv. *waks*. Die teenoorgestelde standpunt kan egter eweseer verdedig word : Dit was Eng. fabriek wat Eng. produkte met Eng. opskrifte deur middel van Eng. winkels versprei het ; het die Afr. benaming wat, indien hy nog in 'n uithoek voortgelewe het, meer dood as lewendig was, die minste kans op uitbreiding gehad ? Het dit toevallig egter so getref dat die nuwe Eng. en die afgeleefde Afr. groot ooreenkoms getoon het, dan kon die mantel van die hemelvarende Afr. miskien op sy jeugdige Eng. vriend geval het ; dit is m.i. wat bv. by *iemand oor die kole haal, storie, sago*, gebeur het.

Die beskouingsbeginsels wat hier bo op simbole vir konkrete sake toegepas is, moet ook by ander gevalle waar onsekerheid bestaan, toegepas word : Eers die getuienis van die werklikheid, en dan die getuienis van die parallele taalverskynsels. By 'n idioom soos : “Die bul by die horings pak” (Nedl. koei, Eng. bull), moet ons bv. onthou dat die kultuurtoestande gedurig aanleiding gegee het tot die skep van so 'n beeld (beesboerdery), dat vir die sterk Boer dit darem ten enemale 'n te flou voorstelling was om te sê : “Die man het die koei by die horings gepak,” en dat hy dus natuurlikerwyse die *koei* vervang het deur die daaraan verbonde sterkere *bul*.

By die bovermelde beïnvloedingsfaktore, moet ons dus die moontlikheid voeg dat die taalverskynsels die gevolg is van (a) *eië ontwikkeling* en (b) *ooreenkomstige kultuurtoestande*. (a) Ons is almal mense van gelyke beweginge in liggaam en siel; vandaar dat (b) die meeste mense onder dieselfde omstandighede op eenderse maniere handel. So hou alle volkere van kleurryke uitdrukking (Nedl. *zo klaar als modder de Vooy's II 191*; Eng. *as clear as mud*) en oordrywing (bv. *awfully glad*: *verskriklik bly*); maar voel ook 'n afkeer van die name van sake wat op die een of ander manier vir hulle onaangenaam aandoen, sodat hulle name gebruik wat dié sake hulle nie so helder voor die gees bring nie (bv. *allamaskas* ipv. *Allemagtig!*; *W.C., om die hoek, privaat*, ens.). Die taal van alle menslike wesens is ook onderhewig aan kontaminasie (bls. 17), wat nieu-vormings laat ontstaan wat van die oorspronklike afwyk, en wat onder gunstige omstandighede die oorspronklike kan verdring; bv. *min of meer* × *in meerdere of mindere mate* word *meer of min*; *in sekere mate* × *tot op sekere hoogte* word *tot 'n seker mate*; *nateraan* (naderhand) × *later* × Eng. *later on* word *lateraan*; *dié werk opgee* × *die tou opgooi* word *die werk opgooi*; ens. Soms stem die kontaminasieprodukt toevallig met 'n eenheid in 'n ander taal ooreen; maar as daardie taal baie sterk invloed op die individuele spreker uitoefen, sal 'n dgl. toeval wel nooit blote toeval wees nie, maar te wyte wees aan die beslissende invloed van die enigste faktor wat nie met iets anders besig is nie. Op dié manier word die kontaminasie 'n uiters belangrike verskynsel as twee tale dieselfde persoon se bewussyn beïnvloed. In die bogemelde gevalle stem die eindprodukt bv. in elke geval met die Eng. ooreen: *more or less, to a certain degree*, ens. So ook bv. *Wat jy sê is reg* × *Jy het reg* met invloed van *You are right* word *Jy is reg*. Hierdie verskynsels kan as suiwer-eentalige kontaminasieprodukte opgevat word (daar is bv. geen wesenlike verskil tussen *Dit (jou bewering) is reg* en *Jy is reg* nie), maar die ooreenkoms met die tweede taal bly opvallend. Van groter belang word die kontaminasie as dit 'n tweetalige verskynsel is, bv. *I can't stand him* × *Ek kan dit nie uitstaan nie* word *Ek kan dit nie staan nie*—hier praat ons van -ismes. Die angl. is so moeilik herkenbaar omdat Eng. en Afr. in so baie

opsigte ooreenstem, dat 'n nuwe ooreenkomsie ongemerk insluip, veral as die ooreenkomsie op skaars merkbare wyse van die regte Afr. afwyk.

3. TAALCRITERIA.

Wat die afkoms van 'n taaleenheid uit suiwer wetenskaplike oogpunt ook sy, die taalvraagstuk beweeg hom om 'n ander middelpunt: die realiteit, die praktyk. Enersyds raak die vraagstuk die individu: Is die taal 'n so doeltreffend moontlike middel ter bevrediging van sy werklik bestaande behoeftes? Andersyds raak dit die groep: Bevorder die taal sy hoogste welsyn? M.a.w. bevorder of benadeel die vreemde invloed op die taal (a) die taalwelsyn en (b) die volkswelsyn? Hierdie vraagstuk word op bls. 209 bespreek, maar hier stip ons net 'n paar beginsels aan wat in die oog gehou moet word by die beoordeling van die Eng. invloed wat geskets sal word.

(a) *Taalwelsyn.* Die hoogste eis wat aan 'n taaleenheid gestel kan word is sy *verstaanbaarheid*; as hy nie verstaanbaar is nie, is hy nutteloos. Daarna kom sy *noukeurigheid* in die aandui van die individu se behoeftes; dan die mate van *gemak* waarmee hy hanteer kan word (bv. maklike en aangename klanke/skrif, eenvoudigheid, beknoptheid). (By verstaanbaarheid kom ook die mate van duidelikheid waarmee die klanke deur die lug trek en die hoorder se gehoorsorgane tref).

(b) *Volkswelsyn.* Sels al is die taaleenheid volmaak wat hierdie drie eise betref, dan is hy nog skadelik as hy die volk as sodanig (en dus die individuele lede) benadeel. Hier is dit nie 'n uiterlike saak nie maar 'n innerlike: Voel die gesamentlike individue dat dié taaleenheid hulle eie volkstrots seermaak? Indien die spraakmakende gemeente dit wél voel, dan is die taaleenheid skadelik.